


# Die LIEFDE bedek alles, glo alles, hoop alles en verdra alles

1 Kor.13:7



Liewe Jan Kriel Vriend

November 2023

Die goue draad van **LIEFDE** is reeds voor sy geboorte sigbaar in Michael Lapperts se lewensverhaal. Weens ontwikkelingsprobleme beveel medici 'n aborsie aan, slegs vier maande binne sy ma se swangerskap aan. Erge kognitiewe- en fisiese gebreke met 'n lewensverwagting van enkele dae word vir dié kleinding in die vooruitsig gestel.

***"Al kry ons hom vir net twee dae, sal ons hom liefhê"*** *– Marlene, sy ma.*



Michael is op 23 Oktober 2006 gebore. Daar ernstige fisiese gebreke, onder andere 'n gesplete verhemelte, kromming van die ruggraat (skoliose), abnormaliteite van sy hande, ontwrigting van sy knieë en ernstige hartdefekte. Michael is gediagnoseer met Catel-Manzke-sindroom, 'n baie seldsame genetiese afwyking. Sy eerste 6 weke spandeer Michael in die hospitaal se intensiewe sorgeenheid. Familie en vriende het gebedsversoeke begin uitstuur en hier trek die tweede draad van **LIEFDE** deur: gereeld daag daar vreemdelinge by die hospitaal op om saam met die familie te bid. **En Michael bly leef.**



Marlene het haar werk bedank om sy voltydse versorger te word en Michael se eerste (van vele) hartoperasies volg toe hy 7 maande oud is. Op tweejarige ouderdom kon hy nog nie kruip of iets vir homself doen nie en het steeds soos 'n baba van 5 maande gelyk. Maar, soos voor sy geboorte, het sy ouers geglo dat daar 'n toekoms vir hierdie spesiale kind van hulle is. ***"We will go out and show the world there are different types of bodies."*** Met baie tyd, **LIEFDE** en ondersteuning pak Michael elke dag met nuwe durf aan.

Toe die groot vraag: <u>Waar sal Michael skoolgaan?</u> Vanweë sy klein statuur en liggaamlike uitdagings sal hoofstroom nie werk nie. Die arbeidsterapeut by Rooikruis Kinderhospitaal beveel Jan Krielskool aan.
**En hier word Jan Kriel deel van Michael se LIEFDES-legkaart.**

Michael het in 2012 as Graad R leerder by Jan Kriel begin (sien die foto van sy eerste atletiek byeenkoms waar hy langs 'n hoërskool leerder staan!). Skool was aanvanklik 'n groot aanpassing. As hy moeg word en laat is vir klas, was sy verskoning *"my bene is te kort"*. Toe gee die personeel vir hom 'n 'scooter' (een van daai klein swart Shoprite skopfietse!), en so het hy makliker beweeg.

Ook hier slaan **LIEFDE** deur. Van sy maats soos Jerome Gabriëls asook Jodi en Ronan Pheiffer het telkemale hom sommer ge-abba as die stap te veel word! Tot vandag toe is hulle groot maats. Nóg stukkies vir sy legkaart.





***"I am glad I came here. I would never have had so many opportunities"***

By Jan Krielskool kon Michael hom uitleef deur sang en selfs latyns- en "ballroom dancing", totdat 'n groot rugoperasie sy dansskoene opgehang het. Maar hy het hom nie laat onderkry nie en verlede jaar het hy op uitnodiging begin branderplank ry. En deelgeneem aan die Mnr. & Mej. Jan Kriel kompetisie!



Michael, Jerome, Jodi & Ronan

Gasvryheidstudies is sy mees geliefde vak, en met die industrieël ingerigte kombuise by Jan Krielskool, kry hy die nodige opleiding om sy droom, om as "pastry chef" opgelei te word, te bewaarheid. **Al staan hy net 126cm hoog in sy skoene, leef Michael Lapperts voluit.**

***"I am a true believer in Jan Kriel School and the service it provides to it's students and their families. Volgende jaar is hy in matriek, maar ons vat dit nog steeds 'one day at a time'."***

*- Marlene*



Jan Kriel is deel van die Here se plan met baie kinders. Hier word 560 ander kinders, soos Michael, met **LIEFDE** omhels. Daarom hou Jan Kriel al vir meer as 30 jaar 'n jaarlikse Liggieboomfees. Jan Kriel se Liggieboom staan as 'n teken van hoop en getuig van 'n plek waar **LIEFDE**, omgee en geduld elke kind se menswees en karakter vorm!

Uit dankbaarheid word hierdie liggies elke jaar met Kerstyd aangeskakel.

***Daarom vra ek mooi, ter wille van elke kwesbare kind by Jan Kriel, of jy asb. hierdie jaar 'n liggie aan ons Liggieboom sal borg? Een liggie kos slegs R100, so jy kan selfs 'n string van 10 of meer liggies borg!***

Byvoorbaat dankie vir jou vrygewigheid!

André van Wyk

Ds. André van Wyk
Direkteur: Jan Kriel Instituut

**Maak 'n elektronies donasie deur ons webwerf**

Gee 'n kind 'n kans

Jan Kriel

www.jankriel.org.za
instituut@jankriel.co.za